

# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*

**GRATIS**  
Uitgawe 90  
25 Januarie 2024  
[www.boerhier.co.za](http://www.boerhier.co.za)



**Belangrike  
enkelgeeneienskappe  
by vleisbeeste**

# INHOUD

- 5 Belangrike enkelgeeneienskappe by vleisbeeste
- 10 Chinese tariefverlaging kan SA rooibos-uitvoere laat kook
- 13 Meatmasters, 'n unieke skaap ras
- 20 Damvlakke
- 20 Bostu Boerboels
- 26 Alpakka Vesel
- 33 Fosfaataanvulling in die somer
- 36 Poste Beskikbaar
- 39 Groei in granaatproduksie vanjaar verwag
- 42 Water was nog altyd 'n aanduiding vir droogte in Afrika
- 47 Het jy geweet?
- 50 Veiling Resultate
- 53 Veilings (tot bl. 67)
- 68 Resep: Walkers se beroemde skons
- 69 Tag ons in jou foto's
- 70 Wat sê die Markte
- 71 Vorige Uitgawes

Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemaking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.

Vir verdere navraag, kontak: [073 895 6392](tel:0738956392) of e-pos [info@boerhier.co.za](mailto:info@boerhier.co.za)

Besoek ons webtuiste [www.boerhier.co.za](http://www.boerhier.co.za) en [www.farmhere.co.za](http://www.farmhere.co.za)

Inligting verskaf vir advertensie en artikels in BOERhier is ontvang vanaf adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.



Kliek op die pyltjie vir die inhoud bladsy



Kliek op die ikoon om die video te kyk



Kliek op die pyltjie vir meer inligting

# Jy's ryk

Jy is ryk! En nou bedoel ek nie geestelik ryk, omdat jy eendag hemel toe gaan nie. Nee, jy is deur 'n aardse bril gekyk, vrek ryk!

En dadelik sien ek mense se monde oopgaan om te sê hulle is nie ryk nie. Weet jy hoeveel geld skuld ek vir die bank? Ek kom eintlik nie deur aan die einde van die maand nie. Ek moet raap en skraap. Dit bly 'n geswoeg om kop bo water te hou!

Kom ons maak dit eenvoudig. Kan jy 'n brood en 'n liter melk bekostig? Kan jy êrens nou 'n paar rand bymekaarmaak en na 'n winkel toe stap om vir jou 'n brood en melk te koop? Indien jy ja sê, het jy meer as 689 miljoen mense in die wêreld.

Hierdie mense het minder as \$1,90 per dag om van te lewe. In hulle oë is jy ryk. Dis nogal snaaks hoe ons mense op kan kyk na die mense wat net in die volgende finansiële kategorie is en dink hulle is ryk en dan nie hulself sien as ryk nie.

Ons sukkel om ondertoe te kyk na die mense onder ons, die mense in die finansiële kategorie net onder ons en deur hulle bril na ons te kyk. Deur hulle bril is ons erg ryk. Ons het dan meer as hulle.

Met rykdom is daar per se niks verkeerd nie. Daar is baie mense met koffers vol geld wat soveel doen vir ander mense. Ons wat afhanklik is van Kruispad-lesers, luisteraars en kykers se finansiële ondersteuning, voel dit aan ons lyf.

Maar wanneer 'n mens jou rykdom, al het jy net 'n bietjie meer as 'n brood en melk se geld, verkeerd gebruik, is jy in die moeilikheid. Dis met die verkeerde gebruikers van geld wie Jakobus hier praat:

Staan 'n bietjie nader en luister hierna, julle wat dink geld maak julle so belangrik. Vreeslike dinge wat julle baie seer gaan maak, wag vir

julle. Dan sal julle net met julle kop in julle hande kan sit en huil. Die baie geld en status wat julle so belangrik laat voel, is besig om voor julle oë te vergaan. Die motte vreet julle klere op en julle geld verloor waarde. Dinge wat vir julle soveel werd is, word oud en gaan stukkend. Soos al die dinge wat julle so belangrik laat voel, stukkend gaan en opgeëet word, so word die sin van julle lewe weggevreet. Dit is soos 'n veldbrand wat julle lewe stukkie vir stukkie wegbrand. Geld is al waarmee julle julle besig hou en waaroor julle gesels; intussen is die wederkoms van die Here naby. Julle wat ryk is, het meer as wat julle nodig het. Julle het so baie dat julle eintlik daarmee mors. Julle koop goed wat julle glad nie nodig het nie. Terwyl ander mense doodgaan van die honger is julle besig om julleself vet te voer. 6Julle behandel mense wat julle niks gedoen het nie en wat onskuldig is, asof hulle vuilgoed is en maak hulle baie seer.

Moenie opkyk en dink dis met die finansiële groep bo jou wat hier gepraat word nie. Dit is met ons almal. Kom ons leer mooi hier wat ons moet doen en nie moet doen nie. Kom ons behandel almal met respek, al het hulle minder of meer as ons en kom ons deel sommer uit aan ander, al het ons minder as ander.

## Teks

Jakobus 5:1-6

## Om oor na te dink

- Hoe ryk is jy?
- Waar druk jou finansies jou in die verkeerde rigting?
- Hoe kan jou finansiële posisie ander help?

## Gebed

Vader, ek weet ek het meer. Ek weet as ek na ander kyk, dink ek ek het minder. Help my om dit waarmee U my toevertrou het, te gebruik om ander te help. In Jesus se Naam. Amen.

## GOOIE NUUS: ADVERTEER BY ONS!

**Gratis Digitale Tydskrif vanaf 2017**

**Bereik maandeliks meer as 120 000 lesers**

BOERhier / FARMhere het **3 nuwe LinkedIn** sosiale media bladsye en ons het voortgegaan om alle advertensies op hierdie platforms te deel sonder ekstra koste.

### Dit bring ons advertensieplatforms tot 22 nou:

- 2 x webwerwe,
- 2 x besigheid FB bladsye,
- 2 x FB Groepe,
- 3 x LinkedIn bladsye,
- 2 x Instagram-bladsye,
- 1 x TikTok bladsy,
- 1 x YouTube-kanaal,
- 3 x tydskrifte en
- 6 x FB bestuursprofile.


**Ons streef daarna om voortdurend ons kliënte kwaliteit en effektiewe advertensies.**



BOERhier / FARMhere gee God al die eer en eer vir ons volgehoue sukses.

Kontak Ons:    

 (0) 73 895 6392 |  (0) 71 704 6282

 info@boerhier.co.za

[www.boerhier.co.za](http://www.boerhier.co.za)

# Belangrike enkelgeeneienskappe by vleisbeeste



Deur dr Helena Theron, genetikus, SA Stamboek

**Enkelgeen-eienskappe word gewoonlik deur 'n mutasie in 'n spesifieke geen veroorsaak. 'n Mutasie is 'n verandering in die DNS-kode wat verantwoordelik is vir die vervaardiging van byvoorbeeld 'n spesifieke ensiem, hormoon of proteïen.**

Die verandering in die geen se produk kan die dier gevolglik anders laat vertoon, byvoorbeeld, in plaas van swart hare, het die dier rooi hare, of omdat die produk van die geen glad nie of net gedeeltelik werk, kan dit byvoorbeeld 'n sindroom soos dubbelbespierung veroorsaak. Enkelgeeneienskappe word hoofsaaklik deur een hoofgeen beïnvloed en hierdie tipe oorerwing staan as Mendeliese oorerwing bekend. Genomika word onder meer gebruik om die draers van enkelgene op te spoor. Genomika is die studie van enkelnukleotied polimorfismes (SNP's) – klein verskille in die DNS van diere.

## Dominansie

Elke dier ontvang twee vorms (variante) van dieselfde geen – een van sy vader en een van sy moeder. Indien 'n dier twee verskillende variante vanaf sy ouers ontvang, sal een van die twee variante gewoonlik domineer. So byvoorbeeld is die variant vir 'n swart haarkleur (ED) dominant teenoor die variant vir rooi haarkleur (e). Indien 'n dier dus beide 'n swart en 'n rooi variant het, sal die dier 'n swart haarkleur hê, maar wel die geen vir 'n rooi haarkleur dra en na sy nageslag oordra. In effek beteken dit dus dat 'n swart dier óf twee swart gene (ED/ED) óf 'n swart geen en 'n rooi geen (ED/e) kan dra. 'n Rooi dier sal altyd twee rooi kleurvariante (e/e) dra, omdat rooi resessief is. Nog 'n variant wat die kleur van beeste

beïnvloed is die wilde tipe (E+), wat kleure tussen rooibruin en bruinswart kan veroorsaak. Diere met hierdie variant kan byvoorbeeld donkerder wees op die kop, rug, nek, ore, bene en stert. Daar is egter ook ander kleurgene wat kleure sal bepaal, of die rooi of swart gene sal wysig, byvoorbeeld die wit kleur van die Charolais.

***“Enkelgeen-eienskappe word hoofsaaklik deur een hoofgeen beïnvloed en hierdie tipe oorerwing staan as Mendeliese oorerwing bekend. Genomika word onder meer gebruik om die draers van enkelgene op te spoor.”***

By die poenskap- (Pc) en horing- (H) gene is poenskap dominant teenoor horings. 'n Dier met horings sal dus altyd twee horinggene (HH) dra, terwyl 'n poenskapdier óf twee poenskapgene óf 'n poenskap en 'n horinggeen kan dra.

## Dubbelbespierung

Sekere mutasies in die miostatiengene veroorsaak dat die embryo te veel spierselle het. Die dier vertoon dan die kondisie bekend as dubbelbespierung. Dubbelbespierge diere het meer vleis (spiere), maar ook minder vet, 'n swak skelet en verskeie ander probleme. Diere



met twee nadelige miostatienvariante is dus nie geskik vir ekstensiewe boerdery nie, veral vanweë die verhoogde risiko van moeilike kalwings en verlaagde vrugbaarheid van koeie. Drie van die variante wat dubbelbespierung veroorsaak kom algemeen in baie vleisbeersrasse oor die wêreld voor, asook in Suid-Afrika. Die variante is almal resessief of gedeeltelik resessief, wat beteken dat 'n draer moeilik fenotopies uitgekien word.

## Vleissagtheid

Variante van die calpain-, calpastatin- en DGAT1-gene word betekenisvol met vleissagtheid in verskeie vleisbeersrasse geassosieer, en daar is reeds genomiese merkers (SNP's) vir hierdie gene geïdentifiseer. DGAT1 word ook met die persentasie vetinhoud van melk en spier (marmering) geassosieer. Die oorerwing daarvan is additief, wat beteken dat die gekombineerde effek gelyk is aan die som van die effekte van individuele variante.

## Nadelige gene

Daar is ook genomiese merkers vir enkelgene wat nadelig is, byvoorbeeld Pompe se siekte, kromstert, vrotvel en verskeie onvrugbaarheidshaplotipes. Met moderne tegnologie is dit gelukkig maklik om draers van voordelige én nadelige enkelgeen-eienskappe te identifiseer en te selekteer.

Inhoud: <https://www.studbook.co.za/a170/algemene-artikels/belangrike-enkelgeeneienskappe-by-vleisbeeste.html>

VIR DIEREGERBRUIK ALLEEN

# LONGRANGE<sup>1</sup> †

Reg. Nr. G4328 (Wet 36 van 1947)

INSPIJTBARE OPLOSSING



### INSPIJTBAAR

- Biobeskikbaarheid
- Nie beïnvloed deur reënigerige weer nie
- Gratis spuit saam waardepak



### 112 DAE DEKKING\*

- 1 maand meer dekking as enige ander Fluasuron produk op die SA mark<sup>1</sup>
- 54 dae "knock-down"<sup>2</sup>



### RONDEWURM BEHEER



### WAARDE VIR GELD

- Koste per kop per dag
- Fluasuron verminder die bosluis-lading op die veld wat lei tot minder produksieverliese<sup>3</sup>



\* Voorkom die herbesmetting van die bloubosluis vir tot 112 dae.

Verwysings: 1. IDR Data - Fluasuron 12,5 % opspijtmiddel. 2. Antrovét data op loër.

3. De Meneghi et al. 2016. "Ervarings met boskuisbeheer deur toengif in die tradisionele beesektor in Zambië en Burkina Faso: moontlike gevolge vir die omgewing en die openbare gesondheid"

Longrange inspijtbare oplossing. Bevat: Fluasuron 12,5 g and Ivermektien 3,15 g per 100 ml. Registrasienuommer G4328 (Wet 36 van 1947). Registrasiehouer: Antrovét SA (Pty.) Ltd. Co. Reg. No. : 2010/001184/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2968, [www.antrovét.co.za](http://www.antrovét.co.za).

† Makrosikliese laktose.

# REDNIL

Reg. Nr. G3911 Wet 36/1947

NSO V13/17.4.2/1187 Wet 13/2003

## STOP ROOIWATER IN SY SPORE



**STEEDS IN VOORRAAD**

**Beskikbaar in 'n baie gerieflike  
50 ml en 100 ml bottel!**

Teen die voorgestelde dosis van 5 ml / 100 kg is 'n 100 ml bottel voldoende om 4 beeste met 'n liggaamsmassa van 500 kg elk te behandel.

Behandel & voorkom Asiatiese rooiwater vir 2 weke. | Behandel & voorkom Afrika rooiwater vir 4 weke.

**KYRON**  
AGRI

Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview  
Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.





# Nuwe Enkelsnit

"KALAHARI KERSFEES"

NOU BESKIKBAAR:

YouTube Apple Music iTunes Spotify

Boerboel Wear Follow Public



Is Boerboel die Kersfees? #Varsvoorraad

#WysJouVleis #DieBoerboelGevoel #LocalisLekker

+ original audio Boerboel Wear · Orig



# Albertse STAAL




**C.R.I. PUMPS**  
Pumping trust... Worldwide.



Solarpompe & Herstel  
Gietery  
CNC Draaiwerk  
Windpomp Herstel & Onderdele  
Dompelpompe

Solar Pumps & Repairs  
Foundry  
CNC Cutting  
Windmill Repair & Parts  
Submersible Pumps

 [jaco-asb@mweb.co.za](mailto:jaco-asb@mweb.co.za)

 082 555 8987  
051 861 7002

  Albertse Staal

 6 Avenham St., Glen,  
Bloemfontein

# Chinese tariefverlaging kan SA rooibos-uitvoere laat kook

**Suid-Afrika se eie wonderplant – rooibos – is besig om wêreldwyd al hoe gewilder te word.**



Ebrahim Patel, minister van handel en nywerheid. (Foto: Jairus Mmutle/GCIS)

China, een van die wêreld se grootste teemarkte, het onlangs boonop aangekondig dat hy sy invoertariewe vir Suid-Afrikaanse rooibos gaan verminder. In die verlede het China 'n invoertarif van tussen 15% en 30% op plaaslike rooibostee gehef.

Dié tariewe is verminder tot 'n vaste koers van 6%, 'n besluit wat as 'n dramatiese wending vir die Suid-Afrikaanse bedryf bestempel word.

Die besluit is geneem ná samesprekings tussen Ebrahim Patel, Suid-Afrika se minister van handel, nywerheid en mededinging, en sy Chinese eweknie, Wang Wentao.

Patel het in Augustus verlede jaar tydens die agtste vergadering van die Chinees-Suid-Afrikaanse gemeenskaplike ekonomiese- en handelskommissie die tariefkwessie met Wang opgeneem. Hy het onder meer gevra dat China dit oorweeg om rooibostee te herklassifiseer en invoerbelasting te verminder.

Hierna het China se tariefkommissie vergader en amptelik die nuwe tariefkode van 6% aanvaar.

Volgens die Rooibosraad van Suid-Afrika word daar jaarliks sowat 20 000 ton rooibos in Suid-Afrika geproduseer en werkgeleenthede aan nagenoeg 5 000 mense gebied.

Uit die 45 lande wat plaaslike rooibos invoer, is China tans die sewende grootste invoerder van rooibostee.

Patel het China se besluit verwelkom.

“Suid-Afrika se rooibostee is verfrissend, heerlik en gesond. Die besluit sal ook meer Suid-Afrikaanse rooibostee beskikbaar stel aan Chinese verbruikers wat sal bydra tot meer werkskepping in Suid-Afrika.

“Rooibos-uitvoerders kan hul uitvoere van tee na China verhoog,” het hy gesê.

Hy het ook die strategiese belang van die besluit beklemtoon. “China is tans Suid-Afrika se grootste internasionale handelsvennoot, met wedersydse handel van meer as R900 miljard.

“Ons sien uit na voortgesette betrekkinge met ons Chinese eweknieë en ons uitvoere van hoofsaaklik minerale te diversifiseer tot 'n wyer verskeidenheid waardetoegevoegde landbou- en nywerheidsprodukte,” sê Patel.

Source: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/chinese-tariefverlaging-kan-sa-rooibos-uitvoere-laas-kook/>



*Irma Fourie*  
SIGNATURE AUTO DEALS



## Toyota Hilux Bakkie Specials

### 2.4 GD-6 RB Raider Auto Double Cab

Was: R623 200.00

Now: R560 879.00

### 2.4 GD-6 4x4 Raider Double Cab Auto

Was: R706 300.00

Now: R635 670.00

### 2.4 GD-6 4x4 Raider X Line Auto Double Cab

Was: R706 300.00

Now: R663 922.00

### 2.4 GD-6 Raider Manual Double Cab

Was: R602 100.00

Now: R543 286.00

### 2.4 GD-6 4x4 Manual Double Cab

Was: R674 800.00

Now: R603 946.00

### 2.4 GD-6 4x4 Raider X Manual Double Cab

Was: R674 800.00

Now: R634 312.43

### 2.4 GD-6 RB SR Manual Double Cab

Was: R652 800.00

Now: R574 465.00

### 2.8 GD-6 RB Raider Auto Double Cab

Was: R754 200.00

Now: R678 779.00

### 2.8 GD-6 4x4 Raider Double Cab

Was: R842 900.00

Now: R758 610.50

### 2.8 GD-6 RB Legend Auto Double Cab

Was: R853 200.00

Now: R767 879.00

### 2.8 GD-6 4x4 Legend RS Auto Double Cab

Was: R1 005 000.00

Now: R904 500.00

### 2.8 GD-6 RB Legend RS Auto Double Cab

Was: R951 600.00

Now: R856 439.00

### 2.8 GD-6 4x4 Legend Auto Double Cab

Was: R903 400.00

Now: R813 059.00

**IRMA FOURIE**

ifourie@cfaomotors.co.za

**072 215 7450**

# TE KOOP



## 2 Comet MP30 pumps

Nog net eenkeer  
gebruik om te sien hoe  
hul werk

Prys **R10 000** vir al twee



Vir meer inligting kontak  
Herman:

083 409 4073 (geen WhatsApp)

Email: [h79jacobs@gmail.com](mailto:h79jacobs@gmail.com)



# Meatmasters, 'n unieke skaap ras



Clynton Collett

**Is jy nog op koers, en teel en selekteer jy jou Meatmasters volgens die spesifieke eienskappe van die rasstandaarde, of is jy verblind deur die gewildheid van die ras en selekteer jy nou net vir 'n mooi skaap om jou verkope te verbeter?**

Onthou dat ons eienskappe vir seleksie uitsluitlik gebaseer is op faktore om ons geld te bespaar of ons inkomste te verbeter ten einde ons die enigste logiese ras van keuse vir die winsgewendste vleisskaapproduksie te maak.

Ek sien telers wat die seleksie vir sekere kleure propageer, terwyl ons rasstandaarde duidelik stipuleer dat kleur geen rol behoort te speel nie aangesien dit nie ons winsgewendheid beïnvloed nie. Telers wat sekere kleure verkies, kan natuurlik hul voorkeur kleur kies, op voorwaarde dat dit een van die beste ramme is om te gebruik. Kleur mag egter nooit verhoed dat jy die beste ram beskikbaar gebruik nie; sodra jy dit doen, teel

jy nie meer die beste Meatmasters nie en help jy nie die ras om die mees winsgewend te wees nie.

'n Nog groter fout wat ons telers sien maak, weens die feit dat ons jare lank verkeerdelik geleer het dat dit die beste is, is die seleksie vir Meatmasters wat meer bespiering het van die korter, dikker tipe spier wat meer na die ronder vorm Euro-rassoorte neig. Dit is uiters gevaarlik, aangesien dit nie tot meer vleisproduksie lei nie, maar wel beslis lei tot laer vrugbaarheid, probleme met lam en 'n minder funksioneel doeltreffende skaap.

Ons moet onthou dat die Afri-rasse (regs)



## Netto Aanteeltempo / Nett Reproduction Tempo




bygedra het tot baie meer van die eienskappe (18 eienskappe) wat ons in die Meatmaster benodig het as die rasse aan die linkerkant (5 eienskappe) om ons die winsgewendste ras te maak. Ons moet dus seker maak dat ons fenotipe meer na die Afrotipes neig as na die Euro-tipes, want as ons ooit fenotopies (hoe die skaap lyk) na die Euro-tipe verander, soos ander rasse, verander ons nie net hoe ons ras lyk nie, maar in die proses verloor ook al die gene wat nodig is vir die 18 Afrieienskappe wat ons so dringend nodig het in die Meatmaster, veral om hul voortplantingskoers te handhaaf en produksiekoste so laag as moontlik te hou. Ek is oortuig hoe meer wetenskaplik uitvind omtrent epi genetica in die toekoms hoe meer sal hulle besef watter voordele die inhemse rasse vir skaap en beesboere inhou en hoe belangrik van hulle gene in ons rasse is.

Meatmaster-telers moet verstaan dat ons, heeltemal anders dink en rideneer as teelers van ander rasse. Ons sien nie die potensiaal vir vleisproduksie in die grootte van ons ram se agterkwart of die breedte oor sy lende nie, maar ons meet n ram se produksie volgens die vermoë van sy dogters om genoeg lammers te produseer wat oorleef en goed groei. Soos in die figuur hierbo gesien, bestaan daar groot verskille tussen die dogters van verskillende ramme en dit is hierin waar die verskil in vleisproduksie lê en dis wat die winsgewendheid tussen verskillende ramme bepaal; dit het niks met die breedte van die agterkwart of die lende te doen nie.

Geen ras kan daarteen stry dat die ooi met die beste totale kilogram lammers geproduseer per jaar, in dieselfde omgewing gemeet, die beste vleisproducent is nie. Dit word gemeet deur 'n ooi se netto produksie- en voortplantingstempo te evalueer, soos in die figuur hierbo. Aan die linkerkant is die aantal lammers wat geproduseer is, gemeet aan vrugbaarheid en meerlinge wat

Speengewig van lammers van DOGTERS van RAM  
Wean weight of lambs from different Sires daughters



geproduseer is, maar regs sien ons dat ons ook kwaliteitlammers nodig het, wat oorleef en goed groei, gemeet aan moedereienskappe, melkproduksie en direkte groei. Die twee kante saam gee ons totale kilogram lammers gespeen en niemand kan daarteen stry nie. As jy dus op die lang duur 'n ware Meatmaster-teler wil wees en nie net deel van die Genootskap is om die ras te melk tydens sy periode van gewildheid, net om later uit te klim om die volgende nuutjie aan te pak nie, moet dit jou doelwit wees in die seleksie van jou skape, hetsy fenotopies of volgens prestasiesyfers. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die groeieienskappe aan die regterkant baie maklik is om te behaal, selfs met slegs fenotopiese seleksie, aangesien die eienskap vir groei maklik is om waar te neem en te meet en 'n hoë oorerflikheid het. Vir al die ander eienskappe kan jy slegs akkuraat selekteer deur data-insameling vir prestasietelwaardes. Die rede daarvoor is omdat die resultaat eers in die tweede generasie gemeet word, sodra 'n ram se dogters begin lam.

Telers wat hul Meatmasters ywerig op die bogenoemde basis selekteer, sal oor die lang termyn die enigste verskaffers van ramme aan die kommersiële bedryf wees. Dit is omdat die Meatmaster as ras gestig is met die uitsluitlike doel om aan kommersiële skaapboere 'n werklik winsgewende ras te verskaf waarmee hulle onder alle omstandighede kan boer.



Aan die ander kant, as ons probeer om vir sekere kleure en 'n mooi skaap te selekteer, het ons ons fokus verloor en sal Meatmasters maar net nog 'n ras word wat op pad is na nêrens en van geen nut is vir die kommersiële boer nie.

Telers moet onthou dat hul besluite en aksies die Meatmaster se toekoms bepaal. Telers moet veral versigtig wees om nie fokus te verloor van wat ons teeldoelwit is en bloot 'n tipe skaap wat mooi vertoon vir onkundige en swak ingeligte mense teel nie.

Wees versigtig vir: afguns en wedywering tussen teelers en die verwoesting wat dit veroorsaak. Vir 'n ongesonde liefde vir geld wat jou forseer om skape te teel wat populêr maar nie reg is nie, ter wille van korttermynwins in plaas van langtermynsukses. Hierdie is alles dinge wat ons ras kan kelder, net soos dit al baie voor ons gekelder het. Meatmasters is tans geseënd met 'n kernversameling van telers wat werklik verstaan wat die teeling van Meatmasters behels. Hulle werk onvermoeid en sonder betaling vir die ras en

laat nie toe dat ongesonde mededinging in afguns verander en so doende verdeeldheid veroorsaak nie. Die Meatmaster-ras floreer as gevolg van hierdie telers se werk. Maak seker dat jy een van hulle is of word.

Ons verwelkom alle nuwe telers in ons Genootskap en vertrou dat hulle daardie persone wat reg te werk gaan, sal navolg. Nuwe en ou telers moet ons kursusse bywoon, selfs drie of vier keer, aangesien niemand van ons ooit genoeg kan leer nie. Daar word voortdurend nuwe materiaal by die kursusse gevoeg soos ons meer oor ons ras leer. Daar is dus altyd iets nuuts om te leer.

Onthou altyd dat jy as lid, nou ook help om die ras te beheer so, raak dus betrokke. Help met die ontwikkeling van ons ras en die bevordering van eenheid sodat ons nie net nog 'n ras en genootskap is nie, maar 'n familie word wat tot voordeel van almal saamwerk. Kyk dan hoe God ons sal seën omdat ons dinge reg doen.

Inhoud: Meatmaster Joernaal

## TANNIN BROWSE DRY

Reg. Nr. V30442 (Wet 36 van 1947) Class: Digestive Modifier

In die winter as weiding doodgaan, neem die vesel en voedingswaarde af maar dit kan veë steeds voed - veë moet net meer eet.

Plante is nou baie onsmaklik en die verteringswaarde is baie laag.

Dit is waar

**TANNIN BROWSE DRY**

kan help.

- **TANNIN BROWSE DRY sal die beskikbare proteïene vermeerder en droë plantmateriaal meer verteerbaar maak.**
- **TANNIN BROWSE DRY kan moontlik die hoeveelheid aanvullende voeding wat gegee moet word, heelwat minder maak aangesien veë nou weiding eet wat voorheen nie baie smaaklik was nie.**
- **Voeg by tot lekkie, voer of water teen 1-4 gram per dier per dag.**



Ref: <https://www.thecattleists.com/articles/2095/understanding-the-ruminant-animal-digestive-system>  
<https://www.thebeefsite.com/articles/1540/protein-in-beef-cattle-diets/>

Tannin Browse Dry. Bevat: Polietileen glikol, Polyvinylpirolidoon (PVP), kalsium hidroksied en molasse meel. Reg. Nr. V30442 (Wet 36 van 1947). Antroviet Animal Health (Pty) Ltd., Reg. Nr.: 2019/194324-07. Postbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel. +27 (0) 11 826 2988. [www.antroviet.co.za](http://www.antroviet.co.za) Vind ons op Facebook



# BRANDMERK REGISTRASIES

**NUWE AANSOEKE. HER-UITREIK. OORDRAG VAN BRANDMERKE.**

BRANDYSTERS

BRANDYSTER OONDE

NEKKLAMPE EN KRALE

**[stngroep@gmail.com](mailto:stngroep@gmail.com)      0724038305**



DIE BESTE BOD  
THE BEST BID



LEWENDEHAWE · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM  
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY

[www.vleissentraal.co.za](http://www.vleissentraal.co.za)



**BOERBOEL**  
WEAR

**VARS**  
**VOORRAAD**



GEMAAK IN SA



14 - 15 MAART 2024



# GRIEKWASTAD SKOU

PERSIE SKOU  
BOERBOK STREEKSKAMPIOENSKAP  
SAVANNA STREEKSKAMPIOENSKAP  
INTERRAS-BEESKOU  
SLAGLAM KOMPETISIE

Anja Meintjes - 082 374 8290  
griekwastadskou@gmail.com

# DAMVLAKKE

Soos op 24 Januarie 2024



Januarie		
	2023	2024
Oos-Kaap	77%	87%
Vrystaat	100%	96%
Gauteng	100%	87%
KwaZulu-Natal	92%	88%
Limpopo	86%	86%
Mpumalanga	97%	97%
Noord-Wes	83%	81%
Noord-Kaap	98%	81%
Wes-Kaap	56%	76%

**BOER**hier

[www.boerhier.co.za](http://www.boerhier.co.za)

Provincial Summary ([sawx.co.za](http://sawx.co.za))

# Bostu Boerboels



## **Bostu Boerboels is geleë aan die rand van die pragtige Leeufontein-area naby aan Roodeplaat dam in Pretoria.**

Ons het in 2010 indiepte navorsing begin doen oor die Boerboelras en in 2014 het ons boerboel familie begin met 8 boerboele. Daarvan het ons die land plat gereis opsoek na die beste bloedlyne!

Ons het van die begin af beoog om 'n unieke eienskap aan ons telery te bring, iets anders as die normale en om seker te maak dat ons van die begin af alles reg doen.


Daarvan het ons gevriesde saad aangekoop van top boerboele wat nie langer in die omloop beskikbaar was nie en het ons net gegroei tot waar ons vandag die trotse eienaars van amper 200 boerboele is.

By Bostu Boerboels het ons van die begin af gefokus op twee baie belangrike aspekte, naamlik



die gesondheid van elke teel hond en voortdurend daarop te verbeter. Dan is die fokus ook daarop gerig om die beste temperament te kan hê wat ons vandag mee kan spog, want al ons boerboele het absolute wonderlike en unieke persoonlikhede en temperament.

Elke hond se kamp is toegerus met n geboude huis wat voldoen aan baie hoë standaarde





met alles wat noodsaaklik kan wees om elke vier voetige kind by ons sy/haar optimale lewensstandaard te kan gee. Daar word ook individuele aandag daaglik aan elke een gegee deur te gaan stap of te oefen in ons speelpark.

Die lewensstandaard van ons boerboele is baie belangrik vir ons en daarom gaan elke teel hond deur gesondheidstoetse waar hulle heupe en elboë ook onderandere getoets word.

Stoet register is n Elite groep Boerboele wat aan baie hoë standarde voldoen in terme van gesondheidstoetse asook keuringspunte. Ons by Bostu Boerboels spog met die feit dat ons die meeste honde wêreldwyd in die stoet register het wat op Logix aangedui is.


Dit is baie belangrik om die fynere besonderhede van so 'n telery te verstaan. Ons is baie spesifiek oor ons teelpare en doen indiepte navorsing oor watter kombinasies bymekaar geplaas kan word om die kwaliteit van ons boerboele wêreldwyd te kan vestig.

Ons is ook baie trots op die feit dat ons tans nog die spogreg het met die hoogsgekeurde boerboel in Afrika vir die laaste vier jaar - sy naam is Bostu Daddy Cool.

Ons is ook in 2022 as die Stamboek Elite stoet telery aangekondig waarop ons baie trots is.

Bostu Boerboele het ook oor die laaste paar jaar aan skoue deelgeneem en dis n baie groot voorreg om te kan sê ons het oor die 1100 medaljes en trofees verower.

Ons is baie opgewonde vir die toekoms van Bostu Boerboels en ons nooi almal uit wat in die mark is vir n nuwe baba Boerboel om te kom draai by ons en te kom kuier.



CDH

HIPS A1:A1 | ELBOWS: 0:0 | En/Ec: None

# BULLET

SABBS INTERNATIONAL DOG OF THE YEAR 2021

## ESTIMATE BREEDING VALUE

Appearance-135

Head- 126

Front Quarter-124

Center-133

Hind Quarter- 132



Christopher Havenga  
+27 82 821 1527  
christopher@cdhfarm.co.za

Jenny Havenga  
+2782 828 1446  
jenny@cdhfarm.co.za

[www.cdhfarm.co.za](http://www.cdhfarm.co.za)

# WEN NISSAN NAVARA PRO4X SAAM MET 'N BUSHLAPA MISKRUIER GROOT

TREKKING KAARTJIES  
BESKIKBAAR BY [ITICKETS.CO.ZA](http://ITICKETS.CO.ZA) **ITICKETS**



**DROEGTE HULP**  
**#LAATDITPOMPVIRDIEBOERE**

DANKIE



**Droogtehulp**  
with Burre Burger

JANUARIE NUUS

THANK YOU

## 2024 begin mooi...

Beleef 'n opwindende avontuur met De Beer Safaris en Droogtehulp se Jagkompetisie! Koop 'n R200-kaartjie vir die kans om 'n onvergeetlike jagervaring vir jou en 'n vriend te wen. Die prys sluit in 2 trofee koedoe bulle, akkommodasie, kos, drank, en meer. 'n Spesiale dankie aan Wildman Kathu vir 'n genereuse R10,000 geskenkbewys en aan SSG Cases vir twee gewesensakke. Hierdie bydraes ondersteun boere se kinders met hulle skool- en koshuisfondse. Kry jou kaartjie by [www.itickets.co.za](http://www.itickets.co.za). Verken, ondersteun, en skep blywende herinneringe!  
#DeBeerSafaris #Droogtehulp #Jagkompetisie #WildernisAvontuur #WildmanKathu #SSGCases.



Ons het paar whatsapp boodskappe gekry, maar hierdie een het vir ons uitgestaan



Hierdie QR Kode kan jy skandeer met jou foon of net op die click dan vat dit jou na die wen 'n NISSAN NAVARA PRO4X en BUSHLAPA MISKRUIER KARAVAN

Dankie aan Mosselbaai Nissan wat vir nog 2 jaar vir [www.droogtehulp.com](http://www.droogtehulp.com) 'n bakkie geskenk het. Ons waardeer julle en die manier hoe julle na ons kyk.

Te danke aan jou kon ons reeds verskeie kinders se skool en koshuis gelde betaal het in Januarie...

Hier ontvang Burre Burger, stigter van [www.droogtehulp.com](http://www.droogtehulp.com) hierdie jaar se wenprys 'n Bushlapa Miskruier by Jannie Oeschger die eienaar.





SAKELIGA

**KragDag**  
*Wes-Kaap*

Daar is 'n alternatief!

**Prospektus 2024**

**21-23 Maart 2024**

# Alpakka Vesel



Alpakkas is semi-makgemaakte lede van die Suid-Amerikaanse kameelfamilie. Hulle word al vir millennia gebruik vir hul duursame, sagte en isolerende haar. Alpakkas word eenkeer per jaar in die lente geskeer en kan so effektief voedsel in haar omskakel dat hulle as die mees effektiewe vesel-produiserende diere beskou word.

## Eienskappe van Alpakka Vesel

Alpakkahaar is baie fyn en voel daarom donsigg, amper syerig. Daar word beweer dat dit vyf keer sterker en fyner is as wol en dis ook langer as die meeste ander natuurlike vesels. Verskeie faktore bepaal die sagtheid van alpakkavesel. Individuele alpakkavesels bestaan uit buitenste 'skubbe' wat teen die skag van van die vesel lê. Die skubhoogte van alpakkavesel is ongeveer 0.04 mikron vergeleke met 0,08 mikron vir wol. Dit beteken in die praktyk dat alpakkavesel sagter as wol voel. Die skubbe is langer as dié van wol en sybokhaar, wat die alpakkavesel gladder maak as dié van wol en sybokhaar.

Alpakkavesel is waterbestand, is bestand teen sonligbestraling en bevat mikroskopiese lugsakkies wat daaraan isolerende eienskappe verleen.

Dit bevat nie lanolien nie - 'n olierige substansie by wol-produiserende diere. Die residu van die chemiese middels wat nodig is om lanolien uit skaapwol te verwyder veroorsaak 'n jeukerigheid as 'n simptome van 'n allergiese reaksie. Alpakkavesel veroorsaak nie hierdie irritasie nie en is geskik om vir babakledingstukke en

kledingstukke vir mense met sensitiewe velle gebruik te word.

Alpakkavesel is beskikbaar in 22 verskillende kleure en skakerings en ook verskeie klasse van fynheid van 16 tot 30 mikron. Hoe laer die mikron is, hoe fyner en sagter is die vesel. Kleure wissel van wit, skakerings van bruin en grys tot swart, met wit as die dominante kleur.



## Tipes Alpakka Vesel

Daar is twee fenotipes alpakkas, die Huacaya, met hul meer skaap-agtige, sponsagtige vesel, en die Suri alpakkas met hul langer, gladder vesels.

Huacaya vesel is golwende vesels wat hul vorm oor tyd behou en is meer geskik vir gebreide items. Suri vesel het 'n syerige glans en word verkies vir duurder eindprodukte soos alpakka pakke.

Alpakkavesel moet goed geklassifiseer word om die voorkoms van growwe haar ('guard hair' genoem) te verminder. Faktore soos swak genetica, hoë hoeveelhede proteïene in die voer en die dier se ouderdom kan veroorsaak dat vesels growwer word.

## Verwerking van Alpakka Vesel



Die produksie van alpakkavesel bestaan uit verskeie fasette. Die proses begin by die versameling van die haar. Alpakkahaar of vesel word eenmaal per jaar geskeer in September of Oktober, afhangende van hoe erg die Suid-Afrikaanse winter is. Alle volwassenes en crias (baba alpakkas) vanaf ses maande word geskeer deur 'n spesiaal opgeleide alpakkaskeerder met behulp van toerusting soortgelyk aan dié vir skape. 'n Cria lewer ongeveer 1 kg haar terwyl 'n volwasse alpakka sowat 2.5 kg of meer kan lewer.

Die vesels word dan met die hand skoongemaak om plantmateriaal soos dorings en gras te



verwyder. Daarna word alpakkavesel wat dieselfde kleur het bymekaargesit. Sommige alpakkaveselprodusente sal selfs klein bietjies haar bymekaarmaak in 'n 'spots lot', soos bv die bruin haar van 'n wit dier wat 'n klein bruin kolletjie het.

'Skirting' is die proses gedurende die skeerdery (of agterna) wanneer die ooglopende growwe haar - wat meer as 30 mikrons dik mag wees - verwyder word uit die fyner gedeelte van die vag. Uiteindelik sal die res van die dikker, reguit hare by die verwerkingsaanleg verwyder word.

Die vesel word dan vir verwerking na 'n spesiale aanleg in Butterworth in die Oos-Kaap gestuur. Kalibrasie van masjinerie vir die verwerking van sybokhaar is nie geskik vir die verwerking van alpakkahaar nie. Vesels word eers gewas met kleure wat apart gehou word, lugdroog gemaak en dan gekardeer. Kardering bring die alpakkavesels almal in lyn met mekaar. Nadat hulle gekardeer is, is die vesels gereed om gespin te word in brei of weefdraad.



## Genetika en Alpakkahaar

Om diere te teel vir 'n spesifieke kleur haar is 'n ingewikkelde storie, veral die kleur grys. Baie navorsing is algedoen hieroor, sê Alison Notley, president van die South African Alpaca Breeders Society en eienaar van Helderstroom Alpacas.

Australië doen baie om die genetiese kwaliteit van alpakkahaar te verbeter, veral in terme van variasie in veseldikte, vermindering van minderwaardige vaggedeeltes en verlaging in die ratio van primêre tot sekondêre vesels (growwe 'guard hair').

Alle fotos © Marinda Louw

Inhoud: <https://southafrica.co.za/af/alpakka-vesel.html>

# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*

## ADVERTEER BY ONS!

**Gratis Digitale Tydskrif**  
vanaf 2017

**Bereik maandeliks meer as 120 000 lesers**

### WAAROM BY ONS ADVERTEER

- Ons boere boer met hul **slim toestelle** byderhand.
- Hulle neem **aktief deel** aan al ons digitale platforms.
- Ons **drie** e-tydskrifte en video's beland direk op hul selfone.

### ONS UITGEBREIDE REIKWYDTE NA DIE REGTE MARK

**71,000+**

**volgelingte op sosiale media**

- BH Volgelingte 36k
- FH Volgelingte 8.7k
- BHV Volgelingte 8k
- BHG Volgelingte 14k
- FH Instagram 2k
- BH Instagram 2,7k

**15,000+**



**Whatsapp database**

**34,000+**

**tydskrif epos database**



Kontak ons:    

 (0) 73 895 6392 |  (0) 71 704 6282

 info@boerhier.co.za

[www.boerhier.co.za](http://www.boerhier.co.za)

# Psalm 143:8a

---

“ Laat my U goedertierenheid in die môre hoor, want op U vertrou ek;”

Foto: AffiePlaas Fotografi



# Myburgh Toerusting

Vir die Boer, van die Boer

## Bol-'n-Vlieg

### Moeg vir vlieë

Plaaslik vervaardigde vlieëvanger  
082 417 0175

Koop nou:

<https://myburgh-toerusting.myshopify.com/>



### Bol-'n-vlieg Produkte

R203 1 pak, R995 5 pak, R1950 10 pak

Elke implement wat ons verkoop is gebou om te hou.  
Kwaliteit lê my na aan die hart.

# **FIX LOOSE TILES** *without removing them*



## **SAVE LOTS OF MONEY!**

No need to remove tiles first and risking damage to irreplaceable tiles.

All-inclusive kit for fixing not only loose tiles but also creaking wooden floors, paint bubbles or use as a wood glue.

**RETAILERS WANTED**

**AVAILABLE ONLINE**

**makro** 

**takealot** 

[www.stickittilerepair.com](http://www.stickittilerepair.com)



**STICK  
IT**

Belgian Malinois  
SACBR registered



Born 27 Nov 2023  
Ready 26 Jan 2024

Vet checks and  
vaccinations will be  
up to date

MORE INFORMATION :



065 5528 567  
Antasha Boucher

# Fosfaataanvulling in die somer

## Die oodsaaklikheid vir optimale produksie en reproduksie by bees en skaap op groen weidings

Dr Vlok Ferreira - Molatek

**Die argument ontstaan dikwels dat die aanvulling van fosfaat duur is. Die is egter 'n baie groot risiko om nie fosfaat (P) aan te vul nie en kan die veeboer uiteindelik baie duur te staan kom. Die P-aanvulling moet behalwe P ook in die dier se daaglikse spoormineraalbehoefte voorsien om optimale produksie en reproduksie te verseker.**

### Bio-beskikbaarheid van fosfate

Die bio-beskikbaarheid (opneembaarheid) van fosfate kan baie varieer tussen bronne. In weidings is dit ongeveer 60%, grane 70% en kommersiële vervaardigde bronne soos Mono Ammonium Fosfaat (MAP), Monokalsiumfosfaat (MCP) en Dikalsiumfosfaat (DCP) kan varieer tussen 80 tot 95% bio-beskikbaarheid. Hoe hoër die MCP inhoud en water oplosbaarheid van 'n fosfaat hoe hoër is die relatiewe bio-beskikbaarheid daarvan. Mono Ammonium Fosfaat het 'n 100% water oplosbaarheid met 'n baie hoë bio-beskikbaarheid. Boere moet daarop let dat daar variasie in die bio-beskikbaarheid van fosfate met dieselfde generiese naam kan voorkom. MCP as fosfaat bron bestaan uit suiwer MCP. Soms kan 'n produk wat as MCP bekendstaan 'n variasie van MCP en DCP bevat en moet dan MDCP genoem word. Volgens Viljoen (2009) indien die MCP % meer as 50% bydra maak tot die MDCP kan 100% van die normaal aanbevole inname verskaf word aan diere. Indien die MCP % minder as 25% van die fosfaat in die MDCP verteenwoordig moet 110% van normale aanbevole fosfaat inname aan diere verskaf word. Dit is ook baie belangrik dat geen beenmeel en trikalsiumfosfaat in fosfaatlekkie ingesluit word weens die baie lae onneembaarheid

van hul fosfaat (Viljoen, 2009) *Die veevoer wet verbied ook die gebruik van beenmeel in herkouer voere.*

**Molatek Fosblock** en **Foslek** is geformuleer om voldoende fosfaat en al 7 essensiële spoormineraal aan diere te verskaf gedurende die groen sappige weidings periode tydens die somer. Molatek maak slegs van die hoogs opneembare fosfate, MCP en MAP, in sy lekke as fosfaat bronne gebruik. Bvdiende fosfaat en spoormineraal aanvulling verseker hoë diere prestasie en verhoogde winsgewendheid. **Molatek Fosblock** is ook rëen bestand wat verliese tot 'n minimum sal beperk.

**80% van die liggaam se fosfaat word in die been aangetref.** Fosfaat (P) is betrokke by 'n magdom fisiologiese prosesse in die liggaam, o.a. energiemetabolisme. 'n Tekort aan P, veral tydens die aktiewe reproduksiefase lei tot aptytverlies, gewigverlies, melverlies, lae speenmassa en uiteindelik word reproduksie ingeboet. So 'n dier sou in die 4 opvolgende jaar nie kalf nie, maar omdat sy droog is haar liggaamsreserwes aan P opbou in die beenmatriks, wat haar dan in staat stel om weer beset te raak. Dit is dus 'n wiplank effek wat met reproduksie verkry word. P word hoofsaaklik in been gestoor en voortdurend

gemobiliseer om in die dier se wisselende behoeftes te voorsien. Tydens 'n P-tekort verdwyn meer OP uit die been as wat weer vasgelê word. Dit is ook belangrik dat nie net P nie, maar ook Ca en Mg uit die been verdwyn tydens 'n tekort. Hierdie minerale word geresorbeer uit die been en nie net P alleen geabsorbeer nie. Dit is dus duidelik dat 'n P-tekort 'n kettingreaksie van ander voedingstekorte en metaboliese steurnisse kan veroorsaak.

